BETHLEHEM

Wisp Wil DZ & Gaste
Arlington
1 Augustus 2017
Afslaers:
Mike Killassy

Dier Groep Opsomming Groep	Aangebied	Verkoop	Gemiddeld	Hoogste
Simbra Bul	19	19	R 53 105,26	R 165 000,00
Simbra Dragtige Koei	6	6	R 20 000,00	R 26 000,00
Simbra Dragtige Vers	20	20	R 19 500,00	R 29 000,00
Simbra Oop Vers	11	11	R 14 318,00	R 17 500,00
Simmentaler Bul	13	13	R 37 769,00	R 44 000,00
Simmentaler Dragtige Koei	11	11	R 19 227,00	R 25 000,00
Simmentaler Dragtige Vers	14	14	R 17 375,00	R 19 000,00
Simmentaler Oop Vers	2	2	R 12 000,00	R 12 000,00
Koeie + Kalf	3	3	R 22 500,00	R 22 500,00
Brahman / Bonsmara Bul	4	4	R 25 000,00	R 30 000,00
Dragtige Kommersiele Verse	23	23	R 15 100,00	R 16 250,00
Totaal:	**126**	**126**		

2 Simbras verkoop oor R150000, 100% verkope te Wisp-Will, DZ en Gaste Veiling .

Die 17de Simmentaler en Simbra bul en vroulike veiling was gehou te Wisp Will op 1 Augustus naby Arlington in die Vrystaat. Die aanvraag was baie goed en 100% van die aanbod was van die hand gesit. Die hoogste prys van R165,000 was vir ‘n Simbrabul Wisp-Will Lino 3 P wat gekoop is deur die Gerlou Stoetery van Lindley. Tweede hoogste prys van R155,000 was ook vir ‘n Simbrabul Giep 6 P wat gekoop is deur Wessel Campher van Harrismith.

Simbra en Simmentaler verse en koeie het flink verkoop. Die gemiddelde pryse van die Simbras was hierdie jaar heelwat hoer as die Simmentalers (sien tabel). “Bulkopers by hierdie veiling kyk lankal nie net na visuele voorkoms nie maar plaas ‘n hoe premie op teelwaardes en ekonomiese indekse” aldus Llewellyn Angus van Wisp-Will.

Die benadering om die diere minder af te rond het weereens uitstekend gewerk. Dit het, soos verlede jaar al gesien, fikser diere tot gevolg met min aanpassingsprobleme. Llewellyn Angus, Deon van Zyl en gasverkopers was baie tevrede met die veilingsuitslae. Oudergewoonte was Vleissentraal Bethlehem die afslaersfirma en Mike Killassy die afslaer.

POLOKWANE / BOERBOK / R38 000

Die omset op die vierde produksieveiling van die Innibos-Boerbokgroep op Polokwane was R715 850. Die duurste ram (op foto) is teen R38 000 aan mnr. Hennie Terblanche van Pongola verkoop. Mnr. Johan Boshoff van Marble Hall het die ram geteel. Stoetramme is teen gemiddeld R14 115 stuk verkoop, terwyl kudderamme gemiddeld R6 333 stuk behaal het. Dragtige stoetooie is teen gemiddeld R6 230 stuk verkoop. Vleissentraal Bosveld het die veiling aangebied en mnr. Craig le Roux was die afslaer.

WISP-WILL

TWEE BULLE BEHAAL MEER AS R150 000

Twee Simbrabulle wat elk meer as R150 000 behaal het en 100% verkope het die jaarlikse veiling van Simmentalers en Simbras op die plaas Wisp-Will by Arlington gekenmerk. Die hoogste prys was R165 000 wat vir die bul Wisp-Will Lino 3P betaal is. Die naashoogste prys van R155 000 was vir die Simbrabul Giep 6 P wat deur mnr. Wessel Campher van Harrismith aangeskaf is. Benewens stoetbeeste van mnre. Llewellyn en Gareth Angus van Wisp-Will-stoeterye het DZ-stoetery van mnr. Deon van Zyl, ook van die distrik, en genooide verkopers ook aan die 17de produksieveiling deelgeneem. Simbra- en Simmentalerverse en -koeie het flink verkoop en die Simbras se gemiddelde pryse was vanjaar heelwat hoër as dié van die Simmentalers. Bulkopers op hierdie veiling kyk lankal nie meer net na visuele voorkoms nie, maar plaas 'n hoë premie op teelwaardes en ekonomiese indekse, sê Llewellyn. Die benadering om die diere minder af te rond, het weer uitstekend gewerk. Dit het fikser diere tot gevolg, met min aanpassingsprobleme. Vleissentraal Bethlehem was die afslaersfirma en mnr. Mike Killassy die afslaer.

Die Simbrabul Wisp-Will Lino 3P is teen die hoogste prys van R165 000 op die veiling van die Wisp-Will-stoetery by Arlington verkoop. Die Gerlou-stoetery van Lindley het die bul gekoop. FOTO: ANDRÉ PRETORIUS FOTOGRAFIE

VENTERSDORP / BORAN / R90 000

Die hoogste prys op die produksieveiling van die Boran-stoeterye Model en Hotspot van onderskeidelik mnre. Ockert Werner en Stompie Olivier op Ventersdorp was R90 000 elk vir 'n bul en 'n vers. Die bul W14-0757 (op foto) is aan die onderneming Brenboss van Stellenbosch verkoop. Die aanbod van 14 bulle is teen gemiddeld R44 071 stuk uitverkoop. Die vers W14-0746 is aan B Hurwitz Farming van Davel verkoop. Verse het gemiddeld R34 074 stuk behaal. Die veiling is deur SHM Afslaers aangebied en die afslaer was mnr. Johan van der Nest.

SMITHFIELD / DORMER / R7 500

Dormerramme van mnr. Johan Fourie, genooide verkoper, se stoetery Koko is op die plaas Heuningkrans, Smithfield, teen gemiddeld R5 787 stuk verkoop. Die duurste ram is teen R7 500 aan mnr. Ernst van Rooyen van Toomfontein, Edenburg, verkoop. Van links is mnre. Eduard Prinsloo, Jan Joubert van BKB, Fourie, Van Rooyen, JJ van der Watt, afslaer, en Eddie Prinsloo, verkoper. Die hanteerder is mnr. Pampoe Mona. Prinsloo en Fourie is vennote in die Koko-stoetery. BKB het die veiling aangebied. FOTO: GAVIN ISTED